KLEURRYKE watersak

Hekel hierdie
vrolike oortreksel
vir jou warmwatersak
om jou op winteraande knus te hou.

BENODIGHEDE

- ELLE PURE GOLD DK (100 g)
  1 bal elk in Chilli A, Terracota B, Avocado C, Honey D, Lavender E, Glamour F
- 4 mm-hekelpen

MATE

Vir watersak van ongeveer
22 cm x 30 cm

HEKELINLIGTING

- Kleurvolgorde: 2 rye A, 2B, 2C, 2A, 2D, 2E, 2F, 2G, of soos verkies.
- Hekel twee kante apart.

PATROONSTEEK

Oor veelvoud van 10 plus 12
Maak 32 ks met A.
1ste ry: 1 lb in 5de ks van pen af, 1 lb in elke ks tot einde. 29 lb.
2de ry: 3 ks, 1 lb in elke lb tot einde, eindig met 1 lb in 4de ks aan beg. 29 lb.
3de ry: met B, 3 ks, 1 lb in vlg lb, *(SSdsl in vlg lb, 1 lb in vlg lb) 3 keer, 1 lb in elk van vlg 4 lb, herh van * tot einde en voltooi laaste herh met 1 lb in laaste lb.
4de ry: herh 2de ry.
5de ry: met C, 3 ks, 1 lb in elk van vlg 6 lb, *(SSdsl in vlg lb, 1 lb in vlg lb) 3 keer, 1 lb in elk van vlg 4 lb, herh van * tot einde en eindig met 1 lb in elk van laaste 2 lb.
Herh 2de tot 5de rye.

AANWYSINGS

Maak 2 kante apart volgens kleurpatroon tot lank genoeg vir watersak tot by propgedeelte. Heg af.
Heg kleur soos verkies in middelste 18 lb en werk 3 of 4 rye lb vir propgedeelte. Heg af.

OM TE VOLTOOI

Werk prop- en sygedeeltes toe.

BANDJIES

Maak 3 bandjies eweredig versprei aan weersk oor opening onder soos volg: Heg breidraad in kleur van jou keuse tussen 2 lb, maak ongeveer 35 ks. Heg af.
Bind onder toe.